



higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

N1330(A)(J22)H

**NATIONALE SERTIFIKAAT
PERSONEELOPLEIDING N5**

(4110445)

**22 Junie 2018 (X-Vraestel)
09:00–12:00**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
NASIONALE SERTIFIKAAT
PERSONEELOPLEIDING N5
TYD: 3 UUR
PUNTE: 200

LET WEL: Indien jy meer as die vereiste getal vrae beantwoord, sal slegs die vereiste getal nagesien word. Trek ALLE werk dood wat jy NIE wil laat nasien nie.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees AL die vrae aandagtig deur.
 2. AFDELING A is VERPLIGTEND.
 3. Beantwoord enige VIER vrae in AFDELING B.
 4. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
 5. Begin elke vraag op 'n NUWE bladsy.
 6. Skryf netjies en leesbaar.
-

AFDELING A (VERPLIGTEND)**VRAAG 1**

- 1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.
- 1.1.1 Die ... sektor volg nie die regulasies wat ingevolge wetgewing neergelê word nie, selfs al is hierdie sektor veronderstel om dit te doen.
- A private
 - B openbare
 - C informele
 - D formele
- 1.1.2 Watter EEN van die volgende is NIE 'n NKR-beginsel nie?
- A Deursigtigheid
 - B Samehang
 - C Legitimiteit
 - D Standaarde
- 1.1.3 Dit is 'n beginsel van volwasse leer:
- A Verwag om voorgesê te word wat gedoen moet word
 - B Passiewe leerders
 - C Afhanklik van die opleier
 - D Selfrigtinggewend ('self-directing')
- 1.1.4 'n Professionele persoon wat opgeleides ('trainees') bystaan wat sukkel om te konsentreer en inligting in te neem, word 'n ... genoem.
- A spraakterapeut
 - B arbeidsterapeut
 - C neuroloog
 - D remediërende onderwyser
- 1.1.5 Meganisering en tegnologiese ontwikkeling kan tot ... lei.
- A IKT-probleme
 - B menslikehulpbronprobleme
 - C opleidingsprobleme
 - D probleme wat kapitaal van aard is
- 1.1.6 Die ... kan as 'n besprekingsforum ingespan word.
- A NSA
 - B NOR ('NTB')
 - C NKR
 - D DHN ('DTI')

- 1.1.7 Dit is 'n soort leerstyl:
- A Marxisme
 - B Maslow se teorie
 - C Aktivisme
 - D Sosialisme
- 1.1.8 Die didaktiese beginsel wat 'n verhouding van wedersydse vertroue en samewerking beklemtoon, staan as ... bekend.
- A doelgerigtheid
 - B geheel-/gedeeltelike leer
 - C versterking
 - D die sielkundige klimaat
- 1.1.9 ... kom neer op 'n leerprobleem wat tydens die terugvoeringsfase kan voorkom.
- A Verswakte gehoor
 - B 'n Onvermoë om inligting te herken
 - C 'n Ineenstorting van kommunikasieskakels
 - D Foutiewe assosiasies
- 1.1.10 Die ingewikkelde metode waarvolgens volwassenes bygestaan word om kennis te ontdek, word ... genoem.
- A pedagogie
 - B andragogie
 - C mentorskap
 - D evaluering

(10 × 2) (20)

- 1.2 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n woord/item in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in jou ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	VO ('AE')	A	verseker korttermyn-besparings aangesien tegnologie duurder is as die lone van ongeskoolde arbeid
1.2.2	Aktiviste		
1.2.3	NOR ('NTB')	B	verseker dat alle werknemers se regte en belange bevorder word
1.2.4	Gonsgroepe ('buzz groups')		
1.2.5	Departement van Arbeid	C	geniet die hier en nou en word deur onmiddellike ervarings oorheers
1.2.6	Kommunikasie		
1.2.7	Arbeidsintensiewe produksie	D	verseker begrip
1.2.8	Werkswinkel	E	adviseer die minister oor beleidsake betreffende opleiding en ontwikkeling
1.2.9	Lesing		
1.2.10	Gevallestudie	F	'n byeenkoms van mense om probleme op te los
		G	klein groepies wat aan spantake deelneem om by 'n besluit uit te kom
		H	word gestruktureer en sluit verskillende modules in om 'n deurlopende proses te vorm
		I	die opgeleides lees, bestudeer en ontleed 'n hipotetiese besigheidsprobleem
		J	'n oorkoepelende term vir alle volwassene-onderdig

(10 × 1) (10)

- 1.3 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in jou ANTWOORDBOEK neer.

- 1.3.1 Die waarde van demonstrasies is opgesluit in die stapsgewyse leiding en regstelling van foute deur die opgeleide.

- 1.3.2 'n Opleier moet altyd seker maak dat die uitkomst van opleiding met die opleidingsbehoefte ooreenstem.
- 1.3.3 Opleidingsmedia verseker dat die leerders beter verstaan en dat kommunikasie en wisselwerking tussen leerder en opleier gevestig word.
- 1.3.4 Die nadeel van teoretiese vrae is dat dit tot deelname van die deelnemers kan lei.
- 1.3.5 'n Effektiewe opleier maak van ysbrekers gebruik om opgeleides te betrek.
- (5 × 2) (10)
- TOTAAL AFDELING A: 40**

AFDELING B

Beantwoord enige VIER vrae in hierdie afdeling.

VRAAG 2



- 2.1 Bespreek die volgende beginsels van die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR):
- 2.1.1 Geloofwaardigheid
- 2.1.2 Buigsaamheid
- 2.1.3 Toegang
- 2.1.4 Oordraagbaarheid
- 2.1.5 Erkenning van vroeëre leer
- (5 × 2) (10)
- 2.2 Die NKR is as 'n belangrike inisiatief tot stand gebring om van die dringende veranderinge, wat in die veld van opleiding en ontwikkeling benodig word, te hanteer.
- Bespreek die VYF doelwitte van die NKR.
- (5 × 2) (10)

2.3 Die ingewikkelde metode waarvolgens volwassenes onderrig en opgelei word, staan as andragogie bekend, terwyl die onderrig van kinders pedagogie genoem word. Dit is van kardinale belang dat opleiers die verskille in die eienskappe van volwasseneleerders en dié van jong leerders moet ken.

Noem enige SES eienskappe van volwasseneleerders. (6 × 2) (12)

2.4 Opleiers moet verskeie funksies as opleidingspraktisyns vervul.

Verduidelik kortliks hoe 'n opleier die volgende VIER rolle sal vertolk:

2.4.1 Instrukteur

2.4.2 Vakspesialis

2.4.3 Groepsfasiliteerder

2.4.4 Mediaspesialis

(4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 3



3.1 Noem en verduidelik die interpersoonlike bevoegdhede waaroor jy as opleier moet beskik om effektief in jou werk te kan wees. (6 × 2) (12)

3.2 As jy klankmedia (oudiobande) as onderrigmetode verkies, bespreek die voordele wat jy uit die gebruik van hierdie mediavorm kan trek. (6 × 2) (12)

3.3 Om te verseker dat al die persone wat jy oplei, aan die aanbidding/intervensie deelneem, moet jy vrae aan hulle stel. Verduidelik waarom jy vrae in opleiding sou gebruik. (12)

3.4 As jy besluit om speletjies as onderrigmetode te gebruik, wat sou die nadele daarvan wees? Bespreek TWEE nadele van die gebruik van speletjies. (2 × 2) (4)
[40]

VRAAG 4

- 4.1 Aangesien daar verskeie tipes opleidingsmedia tot jou beskikking is, kan jy 'n keuse uitoefen. As jy 'n dataprojektor as jou keuse van opleidingsmedia kies, wat sou enkele nadele daarvan wees?

Verduidelik kortliks enige VYF nadele van die gebruik van dataprojektors.
(5 × 2) (10)

- 4.2 Die formaat van 'n lesing as onderrigmetode sluit drie fases in. Die akroniem 'INTRO' (afkorting vir 'inleiding') kan as opsomming gebruik word van die verskillende elemente wat by 'n inleiding as eerste fase ingesluit kan word.

Verduidelik hierdie akroniem aan die hand van die volgende opskrifte:

4.2.1 I

4.2.2 N

4.2.3 T

4.2.4 R

4.2.5 O

(5 × 2) (10)

- 4.3 Gee VIER voorbeelde van die leerprobleme wat tydens die deursetfase/konsolideringsfase/absorpsiefase kan voorkom.
(4 × 2) (8)

- 4.4 Omskryf die term *werkswinkel*. (2)

- 4.5 Wanneer 'n aanbieding gereël word, moet die lokaal en die kenmerke daarvan altyd in aanmerking geneem word.

Noem die redes dat die lokaalreëlings plooibaar moet wees. (5 × 2) (10)
[40]

VRAAG 5

- 5.1 Opleidingsintervensies ontwikkel gewoonlik deurdat dit oor verskeie fases heen beweeg.

Verduidelik hierdie fases kortliks. (4 × 3) (12)

- 5.2 Bespreek hoe die gebruik van demonstrasies vir jou as opleier voordelig is om jou boodskap oor te dra. (6 × 2) (12)

- 5.3 Onderskei tussen 'n konvensie en 'n kongres. (2 × 4) (8)

- 5.4 Verduidelik hoe die gebruik van modelle in opleidingsintervensies 'n voordeel kan inhou. (4 × 2) (8)
[40]

VRAAG 6



- 6.1 Bespreek die nadele van die selfstudiemetode. (5 × 2) (10)
- 6.2 Onderskei tussen kapitaalintensiewe produksie en arbeidsintensiewe produksie. (2 × 3) (6)
- 6.3 Gee voorbeelde van die leerprobleme wat tydens die insetfase voorkom. (6 × 2) (12)
- 6.4 Bespreek die stelselbenadering tot opleiding en ontwikkeling. (10 × 1) (10)
- 6.5 Verduidelik oopeindevrae kortliks. (2)
[40]

TOTAAL AFDELING B: 160
GROOTTOTAAL: 200